

5 Desember

Skrifgedeelte: Jesaja 38-39

Fokusgedeelte: Jesaja 38:9-20

Gaan na God met al jou nood

Jesaja 38 en 39 stem grotendeels ooreen met 2 Konings 20. Die grootste verskil is die lied wat Hiskia geskryf het nadat hy gesond geword het. Soos blyk uit sy hoogmoedige optrede waarvan Jesaja 39 praat, was Hiskia nie 'n volmaakte koning nie. Daardie hoogmoedige optrede het uitgeloop op 'n oordeelsuitspraak. Tog word sy regering as koning baie meer positief as negatief beoordeel. Hy het die tempeldiens herstel en baie ander gelowige dinge gedoen. Hierdie lied van Hiskia getuig ook van sy geloof. Hy het die lied geskryf nadat die Here hom van 'n dodelike siekte genees het. Sy siekte was so ernstig dat hy die dood in die gesig gestaar het. Die profeet het hom ook meegedeel dat hy gaan sterf. Hy het dringend tot God gebid – en die Here het uitkoms gegee. Toe hy gesond geword het, het hy nie vergeet wat die Here vir hom gedoen het nie, maar sy dank teenoor Hom uitgespreek. Hy het geleer dat 'n mens met jou nood na God toe kan gaan en dat God 'n mens se gebede verhoor. Hiskia se lewe is met vyftien jaar verleng en kon hy dus voortgaan om God te verheerlik. Ons kan weet dat ons nooit tevergeefs bid nie. Om Christus ontwil word ons gebede verhoor, al is dit nie altyd presies soos ons dit wou gehad het nie. Ons mag egter nooit verhoring van ons gebede as vanselfsprekend aanvaar nie. Ons moet God bly loof terwyl ons om sy uitkoms bid.

Sing: Psalm 33:1,11

Prof HF van Rooy (Teologiese Skool Potchefstroom)